



CONSECUTIVE CLEAN AUDITS



*Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!
We shape a better future!
Sibumba ikamva elingcono!*

Lêer verw/ File ref: 15/3/6-9/Erf_735

Navrae/Enquiries:
Mnr HL Olivier

22 Januarie 2021.

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

Per Geregistreerde Pos

Meneer/Dame

AANSOEK OM ONDERVERDELING VAN ERF 735, MOORREESBURG

U aansoek met verwysing 264~735-Mrb, gedateer 19 Oktober 2020, namens CS Swart, FJ Louw, A en LJ Schipper, het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek om onderverdeling van Erf 735, Moorreesburg ingevolge artikel 70 van die Verordening, goedgekeur onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) Erf 735, Moorreesburg (groot 3074m²) onderverdeel word in 'n restant (groot ±644m²) en gedeelte A (groot ±385m²), gedeelte B (groot ±645m²), gedeelte C (groot ±655m²) sowel as gedeelte D (groot ±543m²), soos voorgedra in hierdie aansoek;
- (b) 'n 5m x 5m hoefafstomping geskep word op die restant van erf 735 sowel as gedeelte A. Die hoekafstomping oorgedra word aan die munisipaliteit by die registrasie van die eerste onderverdeelde gedeelte. Alle kostes verbonde hieraan is vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar;
- (c) Bouplanne vir die omskepping van die buitegebou op gedeelte B aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing vir oorweging en goedkeuring voorgelê word voor die registrasie van voorgestelde gedeeltes B of C;
- (d) Die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 38 van die Verordening magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;

2. WATER

- (a) Elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op bouplanstadium van toepassing;

3. RIOOL

- (a) Elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

Rig asseblief alle korrespondensie aan:

**Die Munisipale Bestuurder
Privaatsak X52
Malmesbury 7299**

Darling Tel: 022 492 2237

Tel: 022 487 9400

Faks/Fax: 022 487 9440

Epos/Email: swartlandmun@swartland.org.za

Moorreesburg Tel: 022 433 2246

Kindly address all correspondence to:

**The Municipal Manager
Private Bag X52
Malmesbury 7299**

Yzerfontein Tel: 022 451 2366

4. ELEKTRISITEIT

- (a) Elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;
- (b) Enige verskuiwings van elektriese kables oor die betrokke onderverdeelde gedeelte verskuif word ten koste van die eienaar/ontwikkelaar;
- (c) Enige elektriese tussenverbinding geïsoleer en ten volle verwyder word;
- (d) Die elektrisiteitaansluiting aan bestaande laagspanning netwerk gekoppel word;
- (e) Addisioneel tot bogenoemde, die ontwikkelaar of eienaar betaal vir die elektrisiteitaansluitings aan onderverdeelde gedeeltes;


5. ONTWIKKELINGSHEFFINGS

- (a) Die ontwikkelingsheffing t.o.v die grootmaat voorsiening van water ten bedrae van R10 890,50 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/249-176-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;
- (b) 'n Vaste koste ontwikkelingsheffing t.o.v water ten bedrae van R7 340,83 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/249-174-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;
- (c) 'n Vaste koste ontwikkelingsheffing t.o.v. riool ten bedrae van R3 631,57 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/240-184-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;
- (d) 'n Vaste koste ontwikkelingsheffing t.o.v strate ten bedrae van R5 410,05 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/247-144-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;
- (e) 'n Vaste koste ontwikkelingsheffing t.o.v elektrisiteit ten bedrae van R4 358,90 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit gemaak word op onderverdeling stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 9/253-164-9210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;
- (f) Die Raadsbesluit gedateer Mei 2020 maak voorsiening vir 'n 40% korting op die ontwikkelingsheffing van toepassing op voorwaarde 5(b) tot 5(e) hierbo. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan hierna hersien word;

6. ALGEMEEN


- (a) Enige bestaande dienste wat die restant en onderverdeelde gedeeltes aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkeppel word sodat elke eiendom se pypwerk op die betrokke erf geleë is;
- (b) Indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, sal dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (c) Die goedkeuring is, ingevolge artikel 76(2)(w) van die Verordening geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Indien daar nie uitvoering gegee word aan al die voorwaardes binne die 5 jaar tydperk, sal die goedkeuring verval;
- (d) Die goedkeuring spreek nie die eienaar/ontwikkelaar vry aan die verkryging van enige nodige goedkeurings van ander statutêre owerhede nie;

Die uwe


MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Ontwikkelingsdienste
HLO/ds

Afskrif : Die Landmeter-Generaal, Privaatsak X9028, Kaapstad, 8000
Direkteur : Siviele Ingenieursdienste
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste
Direkteur : Finansiële Dienste
CS Swart, FJ Louw, A en LJ Schipper, Posbus 4654, TYGERVALLEY, 753

SUBDIVISION PLAN ERF 735, MOORREESBURG



SWARTI AND MUNICIPALITEIT SWARTLAND MUNICIPALITY

Undervadling toegestaan ingevolge artikel 70 van die Verordening in die Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), onderhewig aan voorwaardes.

Subdivision granted in terms of section 70 of the Municipal Land Use Planning By-Law (PN 8826 of 25 March 2020) subject to conditions.

2021/01/22
MUNICIPAL ENGINEER
MUNICIPAL MANAGER



**PLANSCAPE
URBAN PLANNERS**

PO Box 557
Moorreesburg, 7310
planscape@telkomsa.net
022 4334408 (tell)
086 697 2069 (fax)
0722026587 (cell)

Erf 735, Moorreesburg is subdivided into 5 portions, namely:

- Portion A (BCdc): ±585.3m²
- Portion B (cdeb): ±645.3m²
- Portion C (befa): ±655.7m²
- Portion D (gfDh): ±543.4m²
- Remainder (aghA): ±644.3m²

All sizes subject to survey



28/09/2020